Hoërskool Swartland

(022) 482 1469
admin@swartlandhs.co.za
www.swartlandhs.co.za
Posbus 253, Malmesbury, 7299

Hoërskool Swartland Beheerliggaam Taalbeleid

Opgestel deur Beheerliggaam

SM Walters.

SM Walters
Voorsitter

AJ Schoonraad
Skoolhoof

Datum: 24/03/2025

Taalbeleid

Inleiding

Die taalbeleid is opgestel in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys; regspraak van Suid-Afrikaanse howe; die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders; die "African Charter on the Rights and Welfare of Children"; die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 van 19 Desember 1997) en die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

Faktore in ag geneem

Met die opstel van hierdie beleid is die volgende faktore in ag geneem:

- Die belange van die leerders
- Die belange van die skoolgemeenskap
- Die belange van die gemeenskap waarin die skool geleë is
- Die vermoë van die skool
- Die hulpbronne en personeel waaroor die skool beskik
- Internasionale beste praktyk met betrekking tot klasgroottes en taal in onderrig, met besondere verwysing na die belang van moedertaalonderrig

Onderrig en eksaminering

Alle onderrig en die aflê van toetse en eksamens geskied in die taal/tale van onderrig van die skool.

Beleid oor onderrigtaal

Die skool is 'n enkelmedium instelling.
Die taal van onderrig is Afrikaans van graad 8 tot graad 12.

Alhoewel Hoërskool Swartland 'n Afrikaansmedium skool is, word Engelssprekende leerders wel ge-akkommodeer. Hierdie leerders mag hul handboeke in Engels aanskaf en ontvang 'n vraestel in Engels. Onderrig geskied wel in Afrikaans maar Engelssprekende leerders kan vra dat begrippe wat hul nie verstaan nie, in Engels verduidelik word.

Hierdie dokument maak deel uit van die inligtingstukke wat voorsien word aan alle nuwe leerders en die keuse van onderrigtaal moet aangedui word wanneer die leerder aansoek doen om toelating tot die skool.

Bevordering van veeltaligheid

Die skool bevorder veeltaligheid deur, benewens die onderrigtaal, ook Afrikaans en Engels as volwaardige taalvakke by die skool aan te bied.

Tale wat as volwaardige vakke aangebied word :

Afrikaans/Engels as Huistaal

Engels/Afrikaans as Eerste Addisionele Taal

Elke opvoeder by die skool doen redelike stappe om leerders oor die belang van veeltaligheid in te lig en om respek vir ander tale buiten die huistaal en/of onderrigtaal te bevorder.

Enige taalversoek deur ouers/potensiële ouers moet skriftelik wees en sal geliasseer word vir bespreking tydens die beheerliggaamvergaderings waarna terugvoer voorsien sal word.

Beleidswysigings

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, verander of aanpas en is ook van toepassing op sosiale media.

GETEKEN TE Hoërskool Swartland OP HIERDIE 24ste DAG

VAN Maart 2025 .

SM Walters

Beheerliggaamvoorsitter

Skoolhoof